



# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeë op gesag.

# OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

1/- Dinsdag, 1 Maart 1932. WINDHOEK Tuesday, 1st March, 1932. No. 455

## INHOUD.

## CONTENTS.

	<i>Bladsy</i>		<i>Page.</i>
<b>Proklamasie —</b>		<b>Proclamation —</b>	
No. 6. Oortreding van Diere (Platteland Gebiede) Proklamasie 1932: Distrik Okahandja . . .	7761	No. 6. Trespass of Animals (Rural Areas) Proclamation, 1932: District of Okahandja . . .	7761
<b>Goewermenskennisgewings —</b>		<b>Government Notices —</b>	
No. 44. Munisipaliteit van Omaruru: Wysiging van Gemeenteweide Regulasies . . .	7761	No. 44. Omaruru Municipality: Amendment of Commonage Regulations . . .	7761
No. 45. Agerende Prokureur-generaal: Aanstelling as . . .	7762	No. 45. Acting Attorney General: Appointment as . . .	7762
No. 46. Skut te Okasewa, distrik Gobabis: Oprigting van, ens. . .	7762	No. 46. Pound at Okasewa, district Gobabis: Establishment of, etc. . .	7762
No. 47. Regulasies omtrent die toesig oor Masjinerie . . .	7762	No. 47. Supervision of Machinery Regulations . . .	7762
No. 48. Naturellelokasies: Herroeping van Regulasies . . .	7776	No. 48. Native Locations: Revocation of Regulations . . .	7776
No. 203 (Unie). Koers Dumpingreg . . .	7776	No. 203 (Union). Exchange Dumping Duty . . .	7776
No. 204 (Unie). Koers Dumpingreg: Wysiging van Bylae . . .	7778	No. 204 (Union). Exchange Dumping Duty: Amendment of Schedule . . .	7778
No. 32 (Unie). Benoeming van Mnr. Cyril Caro tot Erekonsul van Pole in Kaapstad met regsbevoegdheid vir die Unie van Suid-Afrika en die Mandaatgebied Suidwes-Afrika . . .	7778	No. 32 (Union). Appointment of Mr. Cyril Caro as Honorary Consul of Poland at Cape Town with jurisdiction comprising the Union of South Africa and the Mandated Territory of South West Africa . . .	7778
<b>Algemene Kennisgewings —</b>		<b>General Notices —</b>	
No. 7. Lys van plase onder kwarantyn op 10 Februarie 1932 . . .	7779	No. 7. List of farms under quarantine as at 10th February, 1932 . . .	7779
No. 8. Die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika: Staat van laste en bate vir die jaar eindigende op 31.12.31 . . .	7779	No. 8. The Land and Agricultural Bank of South West Africa: Statement of liabilities and Assets for the year ended 31.12.31 . . .	7779
No. 9. Bankeopgawe, Januarie 1932 . . .	7782	No. 9. Banks statement, January, 1932 . . .	7782
No. 10. Grond geleë in die distrik Gobabis vir spoorwegdoeleindes gereserveer . . .	7783	No. 10. Land reserved for Railway purposes in the district of Gobabis . . .	7783
<b>Advertensies —</b>		<b>Advertisements —</b>	
Boedelkennisgewings, ens., ens. . . . .	7783	Estate Notices, etc., etc. . . . .	7783

**PROKLAMASIE**

DEUR SY EDELE ALBERTUS JOHANNES WERTH,  
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 6 van 1932.]

NADEMAAL 'n sertifikaat, soos vereis by paragraaf (a) van onderartikel (5) van artikel twee van die Ordonnansie van 1931 betreffende Oortreding van Diere (Platteland Gebiede) (Ordonnansie No. 9 van 1931), aan die Sekretaris vir Suidwes-Afrika gestuur is deur die Magistraat van die distrik Okahandja;

SO IS DIT dat ek, uit hoofde van en kragtens die bevoegdheid my verleen by die voormelde paragraaf, hierby verklaar, proklameer en bekend maak dat die bepalings van die voormelde Ordonnansie nie van toepassing is nie op die oortreding van diere op grond geleë binne die distrik Okahandja.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my handtekening en seël te Kaapstad, op hierdie vyftiende dag van Februarie 1932.

A. J. WERTH,  
Administrateur

**PROCLAMATION**

BY HIS HONOUR ALBERTUS JOHANNES WERTH, AD-  
MINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 6 of 1932.]

WHEREAS a certificate as required by paragraph (a) of sub-section (5) of section two of the Trespass of Animals (Rural Areas) Ordinance, 1931 (Ordinance No. 9 of 1931), has been transmitted to the Secretary for South West Africa by the Magistrate for the district of Okahandja;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested by the said paragraph, I do hereby declare, proclaim and make known that the provisions of the said Ordinance shall not apply to the Trespass of animals on land situate within the district of Okahandja.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Cape Town this fifteenth day of February, 1932.

A. J. WERTH,  
Administrator.

**Goewermentskennisgewings**

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

H. P. SMIT,  
Sekretaris vir Suidwes-Afrika

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 44.]

[24 Februarie 1932.

Hierby word bekend gemaak dat dit die Administrateur behaag he. om, kragtens artikel *twintig* van "De Municipale Proklamaie 1920" (Proklamasie No. 22 van 1920), soos gewysig by artikel *twee-en-taggentig* van "De Municipale Wijzigings Proklamaie 1922" (Proklamaie No. 1 van 1922), die volgende regulasies vasgeset deur die Stadsraad van Omaruru ingevolge artikel *agtien* van "De Municipale Proklamaie 1920", goed te keur.

**MUNISIPALITEIT VAN OMARURU.****WYSIGING VAN GEMEENTEWIDE REGULASIES.**

Die regulasies gepubliseer onder Goewermentskennisgewing No. 113 van 11 Augustus 1921, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 144 van 23 Augustus 1927, word hierby verder gewysig as volg:—

- (a) Deur regulasie 2 te skrap en te vervang deur die volgende nuwe regulasie 2:—

"2. Die weigeld vir vee wat die eiendom van inwoners binne die Munisipaliteit is, sal 4d. per stuk per maand vir grootvee en 1d. per stuk per maand vir kleinvee wees. Geen weigeld sal vir kalwers en vullens benede die ouderdom van 12 maande vorderbaar wees nie.

Al die weigeld is maandeliks vooruitbetaalbaar op die eerste dag van elke en iedere maand in die kantoor van die Stadsklerk."

- (b) Deur regulasie 8 te skrap en te vervang deur die volgende nuwe regulasie 8:—

**Government Notices.**

The following Government Notices are published for general information.

H. P. SMIT,  
Secretary for South West Africa

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 44.]

[24.h February, 1932.

It is hereby notified that the Administrator has been pleased, under section *twenty* of the Municipal Proclamation, 1920 (Proclamation No. 22 of 1920), as amended by section *eighty-two* of the Municipal Amendment Proclamation, 1922 (Proclamation No. 1 of 1922), to approve of the following regulations made by the Omaruru Municipal Council under section *eighteen* of the Municipal Proclamation, 1920.

**OMARURU MUNICIPALITY.****AMENDMENT OF COMMONAGE REGULATIONS.**

The regulations published under Government Notice No. 113 of the 11th August, 1921, as amended by Government Notice No. 144 of the 23rd August, 1927, are hereby further amended as follows:—

- (a) By the deletion of regulation 2 and the substitution therefor of the following new regulation 2:—

"2. The grazing fees for stock the property of residents within the Municipality shall be 4d. per head per month for large stock and 1d. per head per month for small stock. No grazing fees shall be chargeable for calves and foals under the age of 12 months.

All grazing fees shall be payable monthly in advance on the first day of each and every month at the office of the Town Clerk."

- (b) By the deletion of regulation 8 and the substitution therefor of the following new regulation 8:—

"8. Persone, behalwe dié genoem in regulasies 1 en 7 kan, met die toestemming van die Raad en onderhewig aan sodanige voorwaardes en die betaling van sodanige weigeld as die Raad mag voorskrywe, vee op die Gemeenteweide laat wei. Die weigeld wat kragtens hierdie regulasie betaalbaar is, mag nie minder as 6d. per stuk vir grootvee en 2d. per stuk per maand vir kleinvee wees nie."

"8. Persons other than those mentioned in regulations 1 and 7 may, with the permission of the Council and subject to such conditions and the payment of such fees as the Council may prescribe, depasture stock on the Commonage. The fees payable under this regulation shall not be less than 6d. per head per month for large stock and 2d. per head per month for small stock."

No. 45.] [24 Februarie 1932.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel *vyf* van "De Betere Rechtsbedelings Proklamatie 1921", vir Mnr. ISRAEL GOLDBLATT, B.A., LL.B., aan te stel om as Prokureur-generaal vir die Gebied Suidwes-Afrika te ageer, met ingang vanaf 1 Februarie 1932.

No. 45.] [24th February, 1932.

The Administrator has been pleased in terms of section *five* of the Better Administration of Justice Proclamation, 1921, to appoint ISRAEL GOLDBLATT, Esq., B.A., LL.B., to act as Attorney General for the territory of South West Africa with effect from the 1st February, 1932.

No. 46.] [24 Februarie 1932.

SKUT TE OKASEWA, DISTRIK GOBABIS:  
OPRIGTING VAN, ENS.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel *twee* van Proklamasie No. 5 van 1917, die oprigting van 'n skut te "Okasewa" in die distrik Gobabis en die aanstelling van die weledele heer GIDEON FRANCOIS PYPER as skutmeester daarvan, met ingang vanaf 1 Maart 1932, goed te keur.

No. 46.] [24th February, 1932.

POUND AT OKASEWA, DISTRICT GOBABIS:  
ESTABLISHMENT OF, ETC.

The Administrator has been pleased in terms of section *two* of Proclamation No. 5 of 1917 to authorise the establishment of a pound at "Okasewa" in the district of Gobabis, and the appointment of GIDEON FRANCOIS PYPER, Esq., as poundmaster thereof with effect from the 1st March, 1932.

No. 47.] [24 Februarie 1932.

REGULASIES OMTRENT DIE TOESIG OOR MASJINERIE.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en uit hoofde van die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie* van die Toesig oor Masjinerie Proklamasie 1929 (Proklamasie No. 36 van 1929), die volgende regulasies vas te stel:—

No. 47.] [24th February, 1932.

SUPERVISION OF MACHINERY REGULATIONS.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section *three* of the Supervision of Machinery Proclamation, 1929 (Proclamation No. 36 of 1929), to make the following regulations:—

REGULASIES  
OMTRENT DIE TOESIG OOR MASJINERIE.

HOOFSTUK I.

WOORDBEPALING.

(a) ALGEMEEN:

In hierdie Regulasies of in enige wysiging daarvan, tensy die samehang dit anders vereis, het die volgende uitdrukkings die betekenis wat hierin aan hulle toegeken is:—

„Ketel” beteken enige toestel wat geskik is om aanhoudend enige vloeistof in stoom, damp of gas van 'n hoër druk as dié wat aan die atmosfeer toe te skrywe is, te verander saam met enige onderdele en toebehore daarvan, met inbegrip van oorverhitters en brandstof-bespaarders.

Waar so 'n toestel bestaan uit 'n verbinding van twee of meer dele, waarvan elkeen vatbaar is vir aanpassing vir gebruik as 'n afsonderlike ketel deur eenvoudig een of meer afsluitkleppe of afsluitkrane te sluit, word elkeen van hierdie dele beskou 'n ketel uit te maak, en moet by uitvoering van hierdie Regulasies as sodanige behandel word, behalwe waar in Regulasies Nos. 23, 25 en 31 anders bepaal is.

“Hystoestel” beteken enige hystoestel, lift, heffer of ander toestel wat in 'n gebou gebruik word vir die vervoer van persone deur middel van 'n kooi, net of ander houder in 'n valluik op vaste geleidings.

“Masjien” beteken enige inrigting van masjinerie wat fisiese krag in meganiese krag verander.

“Manometerdruk” beteken die druk wat meer is as dié van die atmosfeer.

“Goederelifter” beteken 'n hystoestel wat uitsluitlik gebruik word vir die transport van goedere en sodanige bediendes of operateurs as nodig en gemagtig is om daarop te ry, en sluit nie hystoestelle wat deur handekrag gewerk word of hystoestelle waarop bediendes, operateurs of ander persone nooit ry nie, in nie.

“Valluik” beteken enige loodregte of skuine weg waarin 'n hystoestel of goederelifter gewerk word.

“Platform” beteken enige vloer of platform wat 'n geautoriseerde halte vir die hystoestel is.

“Bestuurder” beteken die blanke persoon wat aangestel is om verantwoordelik te wees vir die kontrole, bestuur en beheer van 'n myn of gedeelte van 'n myn en werke.

(a) GENERAL:

In these Regulations or in any amendment thereof, unless the context otherwise requires, the expressions following shall have the meaning herein assigned to them:—

“Boiler” shall mean any apparatus adapted to continuously convert any liquid into steam, vapour, or gas of a higher pressure than that due to the atmosphere, together with any fittings and appurtenances thereof, including super-heaters and economisers.

Where such apparatus consists of a combination of two or more parts, each of which is capable of adaptation for use as a separate boiler by the mere closing of one or more stop-valves or stop-cocks, each of these parts shall be considered to constitute a boiler, and shall be treated as such in the carrying out of these Regulations, except as stated otherwise in Regulations Nos. 23, 25 and 31.

“Elevator” shall mean any elevator, lift, hoist or other appliance used in a building for the conveyance of persons by means of a car, cage, cradle or other receptacle in a hatchway on fixed guides.

“Engine” shall mean an arrangement of machinery which converts physical into mechanical power.

“Gauge Pressure” shall mean the pressure in excess of that of the atmosphere.

“Goods Elevator” shall mean an elevator used solely for the transport of goods and such attendants or operators as are necessary and authorised to travel thereby, and shall not include hoists worked by hand power or hoists on which attendants, operators or other persons never travel.

“Hatchway” shall mean any vertical or inclined way in which an elevator or goods elevator is operated.

“Landing” shall mean any floor or platform which is an authorised stopping place for the elevator.

“Manager” shall mean the white person appointed to be responsible for the control, management and direction of a mine or portion of a mine or of works.

"Eienaar" in verband met 'n myn of werke of masjinerie beteken enige persoon wat die direkte besitter of huurder van 'n myn of van werke of masjinerie of gedeelte daarvan is, of 'n aandeelhouer in die bewerking van 'n myn of enige gedeelte daarvan en, in die geval van 'n myn of werke of masjinerie wat deur 'n ingelyfde of geregistreerde maatskappy besit is, omvat die uitdrukking "eienaar" elke direkteur of sekretaris of verteenwoordiger van die maatskappy in die Gebied en, in die geval van 'n myn of werke of masjinerie wat deur 'n nie-ingelyfde liggaam of persone besit is, omvat dit enige lid van daardie liggaam in die Gebied. 'n Persoon wat net die grond besit waarop 'n myn of enige werke of masjinerie geleë mag wees, word nie geag 'n "eienaar" vir die doeleindes van hierdie Regulasies te wees nie.

"Skag" beteken enige tunnel wat 'n helling van tien grade of meer ten opsigte van die horisontaalvlak en 'n breedte van twaalf voet of meer het.

"Gebruiker" in verband met enige masjinerie wat gebruik word en ten behoewe van wie dan ook dit gebruik mag word, beteken die persoon of persone wat die masjinerie besit; mits die persoon of persone wat dit besit die reg van gebruik tesame met die aanspreeklikhede hierinlater op die eienaar gelê, kan oordra deur die voormelde oordrag in die kantoor van die Inspekteur van Mynwese te registreer. Wat maatskappye of sindikate betref, word die gebruiker geag die bestuurder of die persoon wat met die toesig oor dié werk belas is, te wees. Die aanspreeklikheid van die gebruiker onder hierdie Regulasies hou nie op as die masjinerie tydelik buite gebruik gestel is nie, maar bly voortbestaan tot tyd en wyl die kennisgewing behelsende dat die werking van die masjinerie geheelal kragtens Regulasie 40, onderartikel (2) opgeskort is, deur die Inspekteur van Mynwese ontvang is.

By afwesigheid van die gebruiker berus die voormelde aanspreeklikheid by sy verteenwoordiger.

(b) In verband met elektrisiteit geld die volgende bepalings:—

"Elektriese toestel" omvat al die toestelle, masjiene en onderdele waarin geleiers gebruik word of waarvan hulle 'n gedeelte vorm.

"Stroomkring" beteken 'n elektriese stroomkring wat 'n stelsel of deel van 'n stelsel vorm.

"Geleier" beteken 'n elektriese geleier wat so gemaak is dat hy elektrisiteit met 'n stelsel verbind kan word.

"Bedek met isoleermateriaal" beteken voldoende met isolerende materiaal van sodanige kwaliteit en dikte bedek, dat daar geen gevaar is nie.

"Stroomloos" beteken by of omtrent nulpunt potensieel en afgekoppel van enige stelsel onder stroom.

"Aardsluising" beteken verbind met die algemene massa van die aarde op so 'n manier dat dit te enige tyd 'n onmiddellike ontlasting van elektriese energie sonder gevaar verseker.

"Eks'tra hoë spanning" beteken 'n spanning normaal van meer as 3,000 volta.

"Hoë spanning" beteken 'n spanning normaal oor 650 volta maar nie hoër as 3,000 volta nie.

"Onderstroom" beteken elektrisiteit gelaai.

"Lae spanning" beteken 'n spanning normaal van nie meer as 250 volta nie.

"Middelmatige spanning" beteken 'n spanning van meer as 250 volta, maar nie meer as 650 volta nie.

"Metaalbedekking" beteken versterking van yster of staal met of sonder 'n omhulsel van lood of ander metaal, soos die omstandighede van die geval mag vereis, of 'n pyp van yster of staal wat twee of meer geleiers omgewe.

"Spanning" beteken die verskil in elektriese potensieel tussen enige twee geleiers of tussen 'n geleier en die aarde.

"Stelsel" beteken 'n elektriese stelsel waarin al die geleiers en toestelle elektrisiteit verbind is met 'n gemeenskaplike bron van elektro-motoriese krag.

## HOOFSTUK II.

### TOESIG OOR MASJINERIE GEBRUIK IN VERBAND MET MYNE EN WERKE.

1. (1) Op elke myn of werke met masjinerie wat meer as 250 perdekrags ontwikkel deur die hoofdryfkrag, of waarop enige eenheid van die masjinerie meer as 75 perdekrags ontwikkel, moet al die ketels, motors en ander masjinerie onder die algemene toesig van 'n bevoegde ingenieur staan, ooreenkomstig onderartikel (2) hiervan, wat skriftelik aangestel moet word.

"Owner" in relation to a mine or works, or machinery shall mean any person who is the immediate holder or lessee of a mine or of works or machinery or part thereof, or a tributor for the working of a mine or any part thereof, and, in the case of a mine or works or machinery owned by an incorporated or registered company, the term "owner" shall include every director or secretary or representative of the company in the Territory, and, in the case of a mine or works or machinery owned by an unincorporated body of persons, shall include every member of that body in the Territory. A person who owns only the soil on which a mine or any works or machinery may be situated shall not be deemed to be an "owner" for the purposes of these Regulations.

"Shaft" shall mean any tunnel having an inclination to the horizontal of ten degrees or upwards and a width of twelve feet or over.

"User", in connection with any machinery which is being used and on behalf of whomsoever it may be used, shall mean the person or persons owning the machinery; provided that the person or persons owning the same may transfer the right of using, together with the responsibilities hereinafter imposed upon the user, by registering the said transfer at the office of the Inspector of Mines. With companies or syndicates the user shall be considered to be the manager or the person charged with the superintendence of the work. The responsibility of the user under these Regulations shall not cease when the machinery is placed temporarily out of use, but shall continue until such time as the notice of the working of the machinery having been entirely suspended under Regulation 49, sub-section (2) is received by the Inspector of Mines.

In the absence of the user the above responsibility shall rest upon his representative.

(b) In connection with electricity, the following definition shall apply:—

"Electrical apparatus" shall include all apparatus machines and fittings in which conductors are used, or of which they form a part.

"Circuit" shall mean an electrical circuit forming a system or branch of a system.

"Conductor" shall mean an electrical conductor arranged to be electrically connected to a system.

"Covered with insulating material" shall mean adequately covered with insulating material of such quality and thickness that there is no danger.

"Dead" shall mean at or about zero potential and disconnected from any live system.

"Earthed" shall mean connected to the general mass of earth in such a manner as will ensure at all times an immediate discharge of electrical energy without danger.

"Extra high pressure" shall mean a pressure normally exceeding 3,000 volts.

"High pressure" shall mean a pressure normally above 650 volts, but not exceeding 3,000 volts.

"Live" shall mean electrically charged.

"Low pressure" shall mean a pressure normally not exceeding 250 volts.

"Medium pressure" shall mean a pressure above 250 volts, but not exceeding 650 volts.

"Metallic covering" shall mean iron or steel armouring, with or without a lead or other metallic sheath as the conditions of the case may require, or an iron or steel pipe surrounding two or more conductors.

"Pressure" shall mean the difference of electrical potential between any two conductors, or between a conductor and earth.

"System" shall mean an electrical system in which all the conductors and apparatus are electrically connected to a common source of electro-motive force.

## CHAPTER II.

### SUPERVISION OF MACHINERY USED IN CONNECTION WITH MINES AND WORKS.

1. (1) At every mine or works having plant developing from prime movers more than 250 horse-power or on which any unit of the plant is developing more than 75 horse-power, all boilers, engines, and other machinery shall be under the general charge of a competent engineer, in terms of sub-section (2) hereof, who shall be appointed in writing.

(2) Geen sodanige ingenieur mag op 'n myn of werke aangesel word nie, tensy hy die besitter is van sertifikate of sodanige praktiese ondervinding het as hom, volgens die mening van die Myninspekteur, kwalifiseer om toesig oor die masjinerie te hou.

(3) Op elke myn of werke met masjinerie wat nie meer as 250 perdekrags ontwikkel nie, moet al die ketels, motors en ander masjinerie onder die algemene toesig van 'n bevoegde ingenieur geplaas word, wat skriftelik aangestel moet word.

(4) Geen myn of werke wat 'n kragtens onderartikel (2) van hierdie Regulasie aangeselde meganiese of elektriese ingenieur vereis, mag langer as een maand sonder sodanige ingenieur gewerk word nie.

(5) As enige sodanige myn of werke vir 'n tydperk wat nie langer as een maand is nie, sonder sodanige meganiese of elektriese ingenieur gewerk word, moet die bestuurder enige bevoegde persoon benoem om as ingenieur te fungeer.

(6) Sodanige persoon het al die pligte en aanspreeklikhede van 'n meganiese of elektriese ingenieur onder hierdie Regulasie, mits die benoeming van sodanige persoon nie gebruik mag word om die meganiese of elektriese ingenieur wat voor hom met die toesig belas was, te onthet van enige persoonlike aanspreeklikheid onder hierdie Regulasies nie.

(7) Enige benoeming kragtens onderartikels (1), (3) of (5) van hierdie Regulasie gedoen, moet skriftelik aan die Myninspekteur binne drie dae vanaf die datum daarvan gerapporteer word.

(8) Geen ingenieur mag die algemene toesig oor ketels, motors of ander masjinerie op meer as een myn of werke nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Myninspekteur.

(9) Die Myninspekteur kan verlang dat meer as een ingenieur aangesel word, as volgens sy mening die grootte van die myn of werke, met inagneming van die aantal plekke waar masjinerie opgesit is, sodanige aanstelling nodig maak. Elke soosdanige ingenieur moet vir 'n bepaalde gedeelte van sodanige masjinerie aangestel word wat onder sy sorg sal staan, en gemeenskaplike algemene toesig oor enige masjinerie mag net deur twee of meer ingenieurs met die skriftelike toestemming van die Myninspekteur uitgeoefen word.

(10) Die mynopsigter kan, in 'n mate wat duidelik deur die bestuurder skriftelik bepaal moet word, kontrole uitoefen oor die werking van ondergrondse masjinerie, maar die oprigting of heroprigting van sodanige masjinerie moet onder die kontrole van die gesertifiseerde ingenieur staan, wat meer bepaaldelik aanspreeklik sal wees vir die behoorlike rangskikking van al die hys- en windmasjinerie en toue in verband daarmee, en wat die bevoegdheid van die benoemde persoon vir die periodieke ondersoek van sodanige masjinerie en toue moet goedkeur. Sodanige ondersoek moet minstens een keer in elke week gedoen word en die resultate moet deur die persoon wat die ondersoek doen, in 'n vir die doel te houe boek behoorlik opgeteken word.

#### VRYSTELLINGS.

2. Die Myninspekteur kan vrystelling van enige van die Regulasies in hierdie hoofstuk bevat verleen, as bewys kan word dat, vir ekonomiese doeleindes, minder drukkende voorwaardes opgelê behoef te word, en as deur sodanige vrystelling gevaar vir lyf of lewe nie oormatig vermeerder word nie.

#### HOOFSTUK III.

#### ALGEMENE VEILIGHEIDSMATREËLS.

##### A. ALGEMEEN.

3. Die drywe of bediening van masjinerie moet onder die sorg van 'n bevoegde skofman wees, en sodanige skofman moet, tensy spesiaal deur die Myninspekteur gemagtig, 'n blanke man wees, maar ongeskoolde persone wat onder sy leiding werk, mag vir sodanige drywing of bediening aangestel word, mits die skofman doelmatige kontrole uitoefen.

4. Niemand wat toesig oor enige masjinerie het, wat vir die veiligheid van lyf of lewe voortdurende toesig vereis, mag om enige rede hoegenaamd weggaan van of ophou om voortdurende toesig te hou oor sodanige masjinerie gedurende die tydperke waarin hy kontrole daarvoor het, tensy hy deur 'n bevoegde persoon vervang word.

5. (1) Tensy hulle plig dit absoluut noodsaaklik maak, mag geen geëmplojeerdes die veiligheidsbeskuttinge of omheininge wat ingevolge hierdie Regulasies opgerig is, binnegaan nie. Ingeval hulle enigiets opmerk wat vir die lyf of lewe of vir die werking van die masjinerie gevaarlik mag blyk te wees, moet hulle die persoon wat die toesig daarvoor het, so spoedig moontlik daaromtrent in kennis stel.

(2) No such engineer shall be appointed at a mine or works unless he is the holder of certificates and or possessed of such practical experience as in the opinion of the Inspector of Mines qualify him to take charge of machinery.

(3) At every mine or works having plant developing not more than 250 horse-power, all boilers, engines and other machinery shall be placed under the general charge of a competent person who shall be appointed in writing.

(4) No mine or works requiring a mechanical or electrical engineer appointed under sub-section (2) of this Regulation shall be worked without such engineer for a longer period than one month.

(5) Where any such mine or works is worked without such mechanical or electrical engineer for a period of not more than one month, the manager shall, in writing, appoint some competent person to act as engineer.

(6) Such person shall have all the duties and responsibilities of a mechanical or electrical engineer under these Regulations provided that the appointment of such person shall not be taken to relieve the mechanical or electrical engineer in charge before him of any personal responsibility under these Regulations.

(7) Any appointment made under sub-sections (1), (3) or (5) of this Regulation shall be reported in writing to the Inspector of Mines within three days of the date thereof.

(8) No engineer shall be in general charge of boilers, engines or other machinery at more than one mine or works except with the written permission of the Inspector of Mines.

(9) The Inspector of Mines may require the appointment of more than one engineer, where in his opinion the size of the mine or works, having regard to the number of places where machinery is erected, renders such appointment necessary. Each such engineer shall be appointed for a particular portion of such machinery, which shall be under his general charge, and joint general charge of any machinery shall only be exercised by two or more engineers with the written permission of the Inspector of Mines.

(10) A mine-overseer may, to an extent to be clearly defined in writing by the manager, exercise control over the running of underground machinery, but the erection or re-erection of such machinery shall be under the control of the engineer appointed under these regulations, who shall be more particularly responsible for the proper arrangement of all haulage and winding machinery and ropes in connection therewith, and who shall approve the competency of the person appointed for the periodical examination of such machinery and ropes. Such examination shall be made at least once in each week and the results duly recorded by the person making the examination in a book to be kept for the purpose.

#### EXEMPTIONS.

2. The Inspector of Mines may grant exemption from any of the Regulations contained in this chapter, where it can be shown that for economic reasons, less onerous conditions need be imposed, and where by such exemption, danger to life or limb is not unduly increased.

#### CHAPTER III.

#### GENERAL SAFETY MEASURES.

##### A. GENERAL.

3. The operation of or attendance on machinery shall be in charge of a competent shiftsman, and such shiftsman shall unless specially authorised by the Inspector of Mines be a white man, but unskilled persons working under his directions may be employed on such operation or attendance provided that the shiftsman exercises effective control.

4. No person having charge of any machinery which, for the safety of limb or life, requires constant supervision shall for any reason whatever absent himself from or cease to have continual supervision of such machinery during the periods for which he is in charge, unless he be replaced by a competent person.

5. (1) Employees, unless their duty absolutely necessitates it, shall not trespass within the safety guards or fences erected under these Regulations. In case they notice anything which might be dangerous to life or limb, or to the working of the machinery, they shall, as soon as possible, inform the person in charge thereof.

(2) Gevaarlike plekke, soos verheve platforms, myn-skagte, valdeure ens., moet omhein word, ten einde daardie persone wat gemagtig is om aldaar te werk of in die omgewing daarvan te wees, doelmatig te beskerm.

(3) Niemand mag sonder vergunning enige plek waar masjinerie opgerig word betree nie. Desbetreffende kennisgewings moet by al die ingange aangeplak wees.

(4) Niemand wat in die onmiddellike nabyheid van masjinerie wat in beweging is werk, mag los boklere dra of toegelaat word om dit te dra nie.

#### B. WERKTUIGKUNDIGE MASJINERIE.

6. (1) Al die onbeskutte masjinerie wat gevaarlik vir persone kan wees as dit in beweging is, moet seker omhein word. Deugdelike skerme moet vir sulke dele van masjinerie verskaf word wat 'n bron van gevaar vir persone sou kan oplewer.

(2) Die repareer, in orde bring, skoonmaak of smeer van bewegende masjinerie mag deur niemand anders as 'n geskoolde persoon gedoen word nie, waar daar enige risiko vir persoonlike letsel bestaan en dan alleen wanneer dit ondoenlik is om sodanige masjinerie te laat stilstaan. Geen ongeskoolde persoon mag verplig of toegelaat word om sodanige werk te verrig nie. Waar moontlik, moet van outomatiese toestelle vir die smeer van masjinerie wat in beweging is, gebruik gemaak word.

(3) (a) Masjinerie met riemaandrywing wat noodsaaklikerwys tot stilstaan of in beweging gebring moet word sonder die snelheid van die hoofdryfkrag te wysig, moet permanent van 'n deeglike meganiese toestel vir die doel voorsien word;

(b) Aan- en afsit van dryfrieme, terwyl die masjinerie in beweging is, is belet, met uitsondering van die gewone afskuiwing van ligte rieme op die keëlskywe van masjien-gereedskappe vir die doel om die bewegingsnelheid te wysig, mits in die geval van voortdurende werkings vrystelling deur die Myninspekteur verleen kan word, wat egter die toestel wat gebruik word, moet goedkeur.

7. (1) Al die reservoirs vir geperste lug, interafkoelers en die verbindings daarvan met lugsilinders moet skoon en vry van verkoolde olie of ander ontbrandbare stowwe gehou word en moet deur die ingenieur, aangestel kragtens Regulasie No. 1 (1), of 'n ander behoorlik gemagtigde en bevoegde persoon minstens eenmaal in elke drie maande geopen en in hierdie opsig ondersoek word. 'n Skriftelike aantekening van elke sodanige inspeksie, geteken deur die ondersoekende persoon, wat aanspreeklik gehou sal word vir die nakoming van hierdie Regulasie, moet in die besit van die gebruiker wees en ter insage van die Myninspekteur of sy plaasvervanger of enige gemagtigde amptenaar oop lê.

(2) Die toevoer van lug vir 'n lugperspomp moet getrek word uit die suiwerste en koelste beskikbare bron.

(3) Al die silinders, reservoirs of ander vate wat onderhewig is aan 'n hoër druk as die van die atmosfeer afgesien van die werksilinders of kamers van verhitings-lugmasjiene of verplaasbare gassilinders, moet voorsien word van bevredigende toestelle om die inwendige druk altyd aan te toon, asook van 'n afsluitbare ontlast- of veiligheidsklep of ander toestel wat in staat is om enige onbehoorlike akkumulering van druk wat hoër is as dié wat veilig is vir die reservoir, te verhinder. Die gebruiker moet sodanige toestelle so nou en dan, maar minstens eenmaal in elke twee jaar ondersoek deur middel van waterdruk van een en een-derde maal die gemiddelde manometerdruk. 'n Skriftelike aantekening van sodanige waterdruktuets, onderteken deur die persoon wat die tuets maak, moet in die besit van die gebruiker wees, en aan die Myninspekteur of sy plaasvervanger of enige gemagtigde amptenaar ter insage oop wees.

(4) Smeltbare proppe sowel as termometers of pierometers waarvan die aanduidings gemaklik afgelees kan word, moet digteby die uitlaatkleppe op die ontlastpype van al die silinders vir lugleiding en op die uitlaatlugpype van interafkoelers van lugperspompes aangesit word. Die hoogste temperatuur wat toegelaat word, moet deur 'n rooi merk op die skaal aangedui word en die toesighoudende masjinis moet toesien dat hierdie temperatuur nie te bowe gegaan word nie. Hy moet ook die aanduidings op die termometer en pierometer minstens een keer gedurende elke skof aflees en aantekening daarvan hou.

#### C. ELEKTRIESE MASJINERIE EN BOGRONDSE KRAAGLEIDING.

8. (1) Elke eiendom waarop elektriese sentrale transformasie wissel- of skakeltoestelle is, moet behoorlik omhein of ingesluit word, en kennisgewings wat onbevoegde persone belet om binne te gaan moet by al die aangewese ingange vertoon word. As sodanige eiendom nie deur 'n gemagtigde persoon opgepas word nie, moet al die aangewese ingange toegemaak en toegesluit gehou word om ongeoorloofde toegang te verhinder.

(2) Dangerous places, such as elevated platforms, pits, trap-holes, etc., shall be fenced off so as effectively to safeguard those persons authorised to work there or be in the vicinity.

(3) No person shall without authority enter any place where machinery is erected.

Notices to this effect shall be posted up at all entrances.

(4) No person engaged in close proximity to moving machinery shall wear or be permitted to wear loose outer clothing.

#### B. MECHANICAL MACHINERY.

6. (1) All exposed machinery which when in motion may be dangerous to persons shall be securely fenced off. Efficient guards shall be provided to such parts of any machinery as may be a source of danger to persons.

(2) The repairing, adjusting, cleaning, or lubricating of machinery in motion shall not be undertaken by any person other than a skilled person where there is a risk of personal injury, and then only when it is impracticable to stop such machinery. No unskilled person shall be caused or permitted to undertake such work.

Automatic devices for oiling machinery whilst in motion shall be resorted to wherever practicable.

(3) (a) Belt-driven machinery, which it is necessary to stop and start without interfering with the speed of the prime mover, shall be permanently fitted with a satisfactory mechanical appliance for the purpose;

(b) Shipping and unshipping driving belts whilst the machinery is in motion is forbidden, with the exception of the customary shifting of light belts on the coned pulleys of machine tools for the purpose of alteration in the working speed, provided that in the case of continuous processes exemption may be granted by the Inspector of Mines, who, however, shall approve of the apparatus to be used.

7. (1) All compressed air receivers, inter-coolers and their connections to air cylinders shall be kept clean and free from carbonized oil or other material liable to ignition and shall be opened and examined in this respect by the engineer appointed under Regulation No. 1 (1), or other duly authorised and competent person at intervals not exceeding three months. A written record of each such inspection signed by the person making it, who shall be held responsible for compliance with this Regulation, shall be in the user's possession and open to inspection by the Inspector of Mines or his deputy or any authorised officer.

(2) The supply of air for air compressors shall be drawn from the purest and coolest source available.

(3) All cylinders, receivers or other vessels that are subjected to a higher pressure than the atmosphere other than the working cylinders or chambers of heat-engines, air engines, or portable gas cylinders shall be fitted with satisfactory apparatus for at all times showing the internal pressure; also with a lock-up relief or safety-valve or other apparatus, capable of automatically preventing any undue accumulation of pressure above the safe working limit of the vessel. The user shall test such apparatus at intervals not exceeding two years by hydraulic pressure to the extent of one and one-third times the working gauge pressure. A written record of such test, signed by the person conducting the same shall be in the user's possession, and open to inspection by the Inspector of Mines or his deputy or any authorised officer.

(4) Fusible plugs, as well as thermometers or pyrometers the indications of which can be clearly read, shall be fitted close to the outlet valves on the discharge pipes from all air cylinders and on the outlet air pipes of inter-coolers of air-compressors. The highest temperature allowed shall be indicated by a red mark on the scale, and the engine driver in charge shall see that this temperature is not exceeded. He shall also record the thermometer or pyrometer readings at least once during each shift.

#### C. ELECTRICAL MACHINERY AND OVERHEAD POWER LINES.

8. (1) All property on which is situated electricity generating plant, transforming, switching, or linking apparatus, shall be adequately fenced off or enclosed, and notices prohibiting unauthorised persons from entering shall be displayed at all designed places of ingress. When such property is unattended by an authorised person all designed places of ingress shall be kept closed and locked to prevent unlawful access.

(2) Al die elektriese toestelle en geleiers moet so uitgesoek, ingerig, aangelê, beskut, bedien en onderhou word om sover as redelikerwys doenlik is gevaar te verhoed.

(3) Al die elektriese masjinerie en geleiers moet op sodanige wyse gestel en beskut word dat niemand deur agtelosige aanraking van enige deel daarvan beseer kan word nie.

(4) Die volgende kennisgewings moet op geskikte plekke binne die elektriese sentrale en sub-sentrale vertoon word:—

- (a) 'n Kennisgewing wat enige persoon wat nie 'n gemagtigde persoon is nie, belet om elektriese toestelle te hanteer of hom daarmee te bemoei;
- (b) 'n kennisgewing bevattende instruksies aangaande die wyse waarop 'n mens te werk moet gaan in geval van brand;
- (c) 'n kennisgewing bevattende instruksies aangaande die wyse waarop 'n mens te werk moet gaan om persone wat aan die gevolge van elektriese skok ly, weer tot verhaal te bring.

(5) Al die skakelborde moet aan die agterkant 'n oop ruimte van minstens vier voet hê. Hierdie ruimte mag nie op enige wyse versper word nie en moet toegemaak en toegesluit gehou word, behalwe vir die doel van inspeksie, wysiging of reparasie.

Uitsonderings sal in die volgende gevalle gemaak word:—

- (a) Skakelborde waarvan die stroomleidings nie van die agterkant toeganklik is.
- (b) Skakelborde waarvan die agterkant net van agter bereik kan word deur 'n opening in die muur of beskut waarteen hulle geplaas is. Sodanige openings moet toegemaak en toegesluit gehou word.
- (c) Skakelborde vir spannings wat nie hoër as 'n lae spanning is nie.

9. (1) Geen ondersoek, reparasie of wysiging waarby die gevaarlike nadering tot of die hantering van elektriese toestelle nodig gemaak word, mag uitgevoer word nie, terwyl sodanige toestel onder stroom is, tensy sodanige werk gedoen word deur of onder die vooridurende persoonlike toesig van 'n geskoolde elektrisiën of persoon wat die toesig oor sodanige toestel het.

(2) Telkens wanneer werk aan 'n elektriese toestel wat ontskakel is van al die bronne van toevoer, gedoen moet word, moet, as daar gevaar in verband daarmee bestaan en voordat dit gehanteer word, voldoende voorsorgmaatreëls getref word deur aarddekking of andersins om sodanige elektriese toestel of enige aangrensende elektriese toestel elektries te ontlaaï, asook om te voorkom dat enige geleier of elektriese toestel per ongeluk of by toeval elektries gelaai word, terwyl persone besig is om daaraan te werk.

(3) Al die toeganklike van metaal gemaakte dele van 'n elektriese inrigting of toestel wat, hoewel hulle normaal geen deel van 'n elektriese stroomkring uitmaak nie, per ongeluk onder stroom kom by 'n spanning bo 'n lae spanning grondtoe, moet of deur 'n nie-geleidende bedekking beskerm word of met die grond verbind word deur middel van 'n geleier van 'n voldoende dwarsdeursnee-oppervlakte.

(4) Niemand anders as 'n geskoolde persoon of persoon wat die toesig daarvoor het, mag 'n transformator of skakelhuis binnegaan, verplig of toegelaat word om binne te gaan nie, tensy al die geleiers onder stroom daarbinne wat nie voldoende teen die moontlikheid van onopsetlike menslike aanraking geïsoleer is nie, doelmatig afgeskort is.

Met die verstande dat die geskoolde persoon in noodsaaklike gevalle bygestaan kan word deur 'n ongeskoolde persoon wat onder sy direkte en persoonlike toesig werk.

Vir die doel van hierdie onderartikkel beteken "geskoolde persoon" 'n persoon wat voldoende onderrig ontvang het in die bepaalde werk wat hy opgeroep is om te doen, sodat hy die gevare wat daaraan verbonde is, beseft.

10. (1) Pilare van die styl van traliewerk wat bogrondse geleiers hou, moet voldoende beskut wees, ten einde onbevoegde persone te verhinder van in gevaarlike nabyheid van die geleiers te kom deur langs sodanige pilare op te klim.

(2) Bogrondse diensgeleidings mag net by 'n steunpunt met geleidrade verbind word, en elke gedeelte van 'n diensgeleiding met uitsondering van die nulleier wat met die aarde verbind is, wat bereik kan word van uit 'n gebou of deur middel van 'n leer wat teen 'n gebou geplaas is, moet bestaan uit goedgekeurde geïsoleerde draad. 'n Lys van goedgekeurde draad kan van die Myninspekteur verkry word.

(3) Waar gedeeltes van bogrondse geleidings by 'n gebou verbygaan en gemaklik vanaf so 'n gebou bereik kan word, moet hulle op 'n soortgelyke wyse as dié wat in onderartikkel (2) van hierdie Regulasie voorgeskryf is, geïsoleer wees.

(2) All electrical apparatus and conductors shall be so selected, arranged, installed, protected, worked, and maintained as to prevent danger so far as is reasonably practicable.

(3) All electrical machinery and conductors shall be placed and protected in such manner that no person can be injured by inadvertent contact with any portion thereof.

(4) The following notices shall be exhibited at suitable places within electric generating stations and sub-stations:

- (a) A notice prohibiting any person other than an authorised person from handling or interfering with electrical apparatus;
- (b) A notice containing directions as to procedure in the case of fire;
- (c) A notice containing directions as to restoration of persons suffering from effects of electric shock.

(5) All switchboards shall have at the back a clear space of at least four feet. This space shall not be obstructed in any manner and shall be kept closed and locked except for the purpose of inspection, alteration or repair.

Exceptions shall be made in the following cases:—

- (a) Switchboards which have no live conductors accessible from the back;
- (b) Switchboards the backs of which are only accessible at the back through an opening in the wall or partition against which they are placed, such openings being kept closed and locked;
- (c) Switchboards for pressures not exceeding low pressure.

9. (1) No examination, repairs, or alterations necessitating the dangerous approach to or the handling of electrical apparatus shall be carried on while such apparatus is alive unless such work be done by or under the constant personal supervision of a skilled electrician or person in control of such apparatus.

(2) Whenever work is to be carried out on electrical apparatus which has been disconnected from all sources of supply, adequate precautions shall be taken by earthing or other means to discharge electrically such electrical apparatus or any adjacent electrical apparatus, if there be danger therefrom, before it is handled and to prevent any conductor or electrical apparatus from being accidentally or inadvertently electrically charged whilst persons are working thereon.

(3) All accessible metallic portions of electrical plant or apparatus which though normally not forming part of an electrical circuit may accidentally become alive at a pressure exceeding low pressure to earth shall be either protected by an insulating covering or shall be connected to earth by a conductor of adequate cross sectional area.

(4) No person other than a skilled person or person in control shall enter or be caused or permitted to enter transformer houses or switch-houses unless all live conductors therein which are not adequately insulated against the possibility of inadvertent human contact are effectively bratted off.

Provided that the skilled person may in case of necessity be assisted by an unskilled person acting under his immediate personal supervision.

For the purpose of this sub-section "skilled person" shall mean a person who has been sufficiently instructed in the particular work that he is called upon to do to appreciate the dangers attaching thereto.

10. (1) Supports of the lattice type which carry overhead conductors shall be adequately protected to prevent unauthorised persons from coming into dangerous proximity to the conductors by climbing such supports.

(2) Overhead service lines shall be connected to line conductors at a point of support only, and every part of a service line other than the neutral conductor connected with earth, which is accessible from a building or from a ladder leading against a building, shall consist of approved insulated wire. A list of approved wires may be obtained from the Inspector of Mines.

(3) Where portions of overhead lines pass a building, and are readily accessible from the building they shall be insulated in a manner similar to that provided in sub-section (2) of this Regulation.

11. (1) (a) Voordat die aanleg van enige skema of uitbreiding van 'n skema begin word, moet kontraktante vir die lewering van elektrisiteit 'n volledige uiteensetting van hulle voorgestelde skemas in duplikaat aan die Direkteur van Pos- en Telegraafwese voorlê, ten einde na onderlinge ooreenkoms te besluit aangaande die metodes of ontwerpe wat deur die kontraktante vir die lewering van elektrisiteit aangeneem sal word, ten einde te voorkom dat toestande op bestaande of in aanleg synde telefoon- en telegraaflyne geskep word, wat vir die publiek en staf van die Poskantoor gevaarlik is. Waar sodanige toestande sonder koste van ingrypende aard vir een van beide partye vermy kan word deur wysigings, hetsy in die ontworpe planne van die kontraktant vir die lewering van elektrisiteit of in dié van die Direkteur van Pos- en Telegraafwese, moet sodanige wysiging gemaak word: Met die verstande dat deur 'n "uitbreiding van 'n skema" nie verstaan mag word dat dit diensverbinding insluit nie.
- (b) As geen ooreenkoms tussen die twee partye getref kan word nie, is die beslissing van die Myninspekteur finaal. Al die metodes en ontwerpe wat vir die beveiliging van die publiek, soos hierbo ooreengekom, benodig is, moet deur en op koste van die kontraktant vir die lewering van krag verskaf word.
- (c) Die Direkteur van Pos- en Telegraafwese moet op versoek planne aangaande sy bestaande en voorgenome werke en enige gespesifiseerde mynvelde aan die kontraktant vir die lewering van elektrisiteit stuur.
- (d) Ingeval daar veranderinge in die ontwerp of inrigting van 'n bestaande kragleiding, wat opgerig is ooreenkomstig onderartikels (1) (a) of (b) van hierdie Regulasies of byvoeging van toestelle nodig word uit hoofde van enige voorstellings deur die Departement van Pos- en Telegraafwese of enige ander sodanige liggaam gemaak, moet die veranderinge deur die leweringskontraktant op koste van die liggaam op wie se voorstellings die verandering gemaak is, uitgevoer word.
- (2) Die minimum-hoogte van elektriese geleiers en ander drade bo die grond, behalwe in die geval van elektriese trolliedrade en diensgeleidings moet as volg wees:—
- (a) *In al die dorpe:*
